DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

NG GEMEENTE KOGELBERG

ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA



# Die Seemeeu – Vakansieprogram

## Nuus vir ons vakansiegangers & kuiergaste



Ons wens is dat julle heerlik vakansie sal hou in Kleinmond en die Hangklip-omgewing.
Mag jy waarlik 'n Christusfees ervaar.
En mag jy in 2024 elke dag beleef dat God getrou is.

Ons gemeente se leraar is ds Heinrich Carstens. Jy kan hom gerus skakel by 083 566 1490 as daar 'n krisis is.

Ds Heinrich neem verlof vanaf 26 Desember tot 14 Januarie 2024. As jy dan 'n leraar wil spreek, kan jy die volgende nommer skakel, sodat ons jou in aanraking met 'n leraar kan bring. (076 134 7157)

In Hangklip is ons hulpleraar ds Leopold van Huyssteen. Sy nommer is 082 707 0676.

**KERKKANTOORURE**

Van 18 tot 21 Desember is die kerkkantoor van Maandag tot Donderdag slegs oop tussen 09:00 en 11:00.
Op Vrydae is die kerkkantoor gesluit vir administratiewe werk.
Van 27 Desember tot 5 Januarie is die kerkkantoor gesluit.
Skakel asseblief die volgende nommer (076 134 7157) as u dringend die kerkkantoorpersoneel of koster benodig.

Kliek sommer net op die nommers om te skakel

# Ons eredienste gedurende die vakansietyd




## Adventsreeks
## 10–25 Desember 2023
## Die wonder van Kersfees

| DAG | TYD | PLEK | PREDIKER |
|---|---|---|---|
| Sondag, 10 Des | 09:00 | Kuierkerk | Ds Heinrich Carstens |
| | 09:00 | Gemeentesentrum | Ds Leopold van Huyssteen |
| | 09:30 | Kerkgebou | Dr Ryk van Velden |
| Saterdag, 16 Des | 09:00 | Kerkgebou | Ds Heinrich Carstens |
| Sondag, 17 Des | 09:00 | Kuierkerk | Ds Heinrich Carstens |
| | 09:00 | Gemeentesentrum | Ds Theuns Henn |
| | 09:30 | Kerkgebou | Dr Louis Fourie |
| | 17:00 | Kuierkerk Kerskonsert | Kuierkerk Helpende Hande |
| Sondag, 24 Des | 09:00 | Kuierkerk | Ds Heinrich Carstens |
| | 09:00 | Gemeentesentrum | Ds Theuns Henn |
| | 09:30 | Kerkgebou | Ds Piet Botha |
| Maandag, 25 Des | 08:00 | Grasperk by Strandmeer | Past Arno Carstens |
| | 09:00 | Kuierkerk | Ds Kirsten Small |
| | 08:00 | Gemeentesentrum | Ds Leopold van Huyssteen |
| | 08:00 | Kerkgebou | Ds Piet Botha |
| | 09:30 | Gemeentesentrum | Ds Leopold van Huyssteen |
| | 10:00 | Kerkgebou | Ds Heinrich Carstens |
| Sondag, 31 Des | 09:00 | Kuierkerk | Dr Louis Fourie |
| | 09:00 | Gemeentesentrum | Ds Leopold van Huyssteen |
| | 09:30 | Kerkgebou | Ds Werner vd Heever |
| Sondag, 7 Jan | 09:00 | Kuierkerk | Ds Chris vd Westhuizen |
| | 09:00 | Gemeentesentrum | Ds Theuns Henn |
| | 09:30 | Kerkgebou | Ds Jannie Hougaard |
| Sondag, 14 Jan | 09:00 | Kuierkerk | Dr Louis Fourie |
| | 09:00 | Gemeentesentrum | Ds Leopold van Huyssteen |
| | 09:30 | Kerkgebou | Ds Jannie Hougaard |

Sien ons adresse op laaste blad

Die eredienste in die Kerkgebou word ook lewendig uitgesaai op ons gemeente se YouTube-kanaal. Kliek hier vir die skakel.

# Ons deel graag met jou 'n fotobeeld van enkele gebeure die afgelope jaar



26 Januarie 2023 - Die Kerkraad beroep ds Heinrich Carstens as voltydse leraar na die NG Gemeente Kleinmond



Ds Heinrich en Jeanne Marié sluit by ons gemeente aan op 1 April 2023



Die Eko-bediening maak strand skoon op 4 Februarie 2023. Deur die jaar was 353 mense by die skoonmaak-aksies betrokke en is 302 sakke rommel opgetel. Daarvan is 124 sakke herwin en 178 sakke by die oorlaaistasie afgelaai. In totaal is 1,677 kg rommel met al dié aksies verwyder. Dink net daaraan: meer as 1½ ton MINDER rommel in die see!

Ons versamel ook proppies en doppies vir die *Sweetheart Foundation*





En ons roei indringerplante uit in samewerking met die Natuurbewaring

Opstandingsondag in die Kerkgebou
9 April 2023





Hangklip se
Kuier-ontbyt
op 6 Mei 2023



# So aanbid ons...

Tussen Januarie en November vanjaar was daar altesaam 19 280 mense in ons onderskeie eredienste (Kerkgebou, Kuierkerk, Hangklip en Kogelpark Aftreeoord) en so 11 500 *views* op ons YouTube-kanaal.

Daar is dus amper 30 000 mense wat bedien is met die Woord net in ons formele eredienste. En dan is daar ook nog ons OGGENDOORDENKINGS wat direk na amper 500 selfoonnommers per dag gestuur word. Verder word ons lidmate in verskeie Bybelstudiegroepe, Selgroepe, Wyksbyeenkomste en by die Bybelskool toegerus om as dissipels van Jesus te leef.

Ds Heinrich gesels ook elke Dinsdag en Vrydag op sy #Koffiekuiers met ons oor verskeie Bybelboeke en/of temas. Ons is dankbaar vir elke saadjie wat ons so vir die evangelie van Jesus Christus kan versprei.

Pinkster by Hangklip
21 Mei 2023





Kategese by die Kuierkerk
27 Augustus 2023

**Niemand gooi ook nuwe wyn in ou velsakke nie, want dan laat die wyn die sakke oopbars, en die wyn sowel as die sakke gaan verlore. Nuwe wyn word in nuwe sakke gegooi." Markus 2:22**

Op pad vanaf Port Elizabeth na Kleinmond vroeër die jaar draai ons by 'n ou bekende vulstasie op die N2 in. Dadelik merk ons op dat die hele plek 'n "make-over" ondergaan het. In die plek van die ou winkeltjie is 'n netjiese restaurant en alles lyk sommer spiekeries. Die plekkie nooi jou as't ware uit om in te kom en so bietjie te kom ontspan. Dis nie maar net nog 'n vulstasie met nog 'n winkeltjie nie.

Toe ons egter inloop herken ek die dame by die kasregister van vroeër jare en maak dadelik die opmerking teenoor my Mooiste dat die plek dalk oorgedoen is, maar die personeel nog nie. Dis amper asof sy geïrriteerd is met die feit dat ons haar rus kom verstoor.
Dit het my weer laat dink aan die wyse waarop ons dikwels nuwe wyn in ou velsakke wil ingooi. Jesus sê dat dit by voorbaat op 'n gemors sal uitloop, aangesien "die wyn die sakke sal laat oopbars, en die wyn sowel as die sakke gaan verlore."

Oor die afgelope 28 jaar wat ek in die bediening is het ek myself menigmaal in een of ander kerklike konteks bevind waarin die beeld van "nuwe wyn" amper so vry gevloei het soos Oros by 'n Sondagskool-piekniek. Maar ongelukkig probeer ons dikwels die konsep toepas op kerklike strukture as ons gesels oor die "nuwe velsakke" van programme, beplanning en prioriteite. En dan gee ons nie aandag aan dit wat regtig bedoel word met nuwe wyn nie.

Ons gemeente (ja, ek beskou myself as volledig deel van die gemeente na net 9 maande) is die afgelope klompie jare ook maar deur 'n klomp uitdagings. Dink maar net aan COVID en die effek wat dit op ons lewens gehad het, die wisseling in predikante in die gemeente, asook die leierskapspan, ontwrigting as gevolg van die ekonomie, weerstoestande en die effek daarvan op ons paaie, die aanpassing by 'n nuwe bedieningstruktuur. En nou moet ons leer hoe om hierdie konsep van "nuwe wyn in nuwe velsakke" te laat grondvat in die lewe van ons gemeente... in my lewe en jou lewe!

Die punt is duidelik: As ons praat oor geestelike groei of herlewing of terugkeer na God of wat ookal, dan kan ons nie maar net weer nuwe wyn in ou velsakke gooi nie. Wanneer God die wyn van die Heilige Gees in ons lewens uitstort – oorvloedig – dan maak Hy ons inderdaad nuut. Dan herskep Hy ons. Dan plaas Hy ons op 'n nuwe pad – die pad van Sy koninkryk.

Ons kan en mag daarom nie maar net besig wees met 'n proses van strategiese denke in ons gemeente (op korporatiewe vlak, maar ook op individuele vlak) waarin ons die spreekwoordelike stoele en tafels rondskuif nie... waar ons 'n nuwe logo ontwikkel en 'n meer inklusiewe naam vir die gemeente kies nie! Nee, ons sal nuut moet dink.

Ons moet toelaat dat God ons verander deur ons denke te vernuwe, soos ons ook tydens ons Augustus Wyksbyeenkomste daaroor gesels het.  Ons moet nuwe wyn in nuwe velsakke ingooi.

Kan ek daarom vir jou 'n paar vrae vra?  Hoe sal dit in ons gemeente en gemeenskap lyk as ons…

- die nuwe wyn van onvoorwaardelike liefde in die ou velsak van haat gooi?
- die nuwe wyn van ware aanbidding in die ou velsak van politieke en ekonomiese ideologie gooi?
- die nuwe wyn van Bybelstudie en gebed gooi in die ou velsak van geldgierigheid en magsbeheptheid?
- die nuwe wyn van nederigheid gooi in die ou velsak van bedrog?
- die nuwe wyn van vergifnis gooi in die ou velsak van bitterheid?
- die nuwe wyn van "ander eerste" gooi in die ou velsak van selfsug?
- die nuwe wyn van vreugde gooi in die ou velsak van jaloesie en verdagmakery?
- die nuwe wyn van vrede gooi in die ou velsak van wedywering en vyandskap?
- die nuwe wyn van afhanklikheid van God gooi in die ou velsak van selfgenoegsaamheid?

Na jare waarin ons in die ou velsakke geleef het, het ons dalk so gewoond geraak aan 'n lewenswyse gekenmerk deur sekere gewoontes en gebruike (ons kan dit ook sonde noem) dat dit dikwels vir ons moeilik is om dit weg te gooi sodat God ons letterlik kan vul met nuwe wyn in 'n nuwe velsak.  Corrie Ten Boom noem dit die eggo's van die verlede.

Die Kind van Kersfees het gekom, sodat ek en jy nie meer langer sal leef met die eggo's van die verlede nie.  Nee, ons leef eerder met die roepstem van Christus vanuit die toekoms.  Ek en jy moet seker maak dat as "die plekkie" oorgedoen word, dan moet dit nie maar net die buitekant wees wat mooi en spiekeries is nie.  Mag ons daarom vra dat die Heilige Gees ook in hierdie vakansietyd in ons sal werk… ons sal voorberei daarop… om inderdaad die nuwe wyn van Christus se versoening in 'n nuwe velsak te kan gooi.

*Groetnis - Heinrich*

Gemeenteverjaardag - Fees-ete op 15 Oktober en Dankie-diens op 18 Oktober by die Preekboom






DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

**NG GEMEENTE KOGELBERG**

ROOIELS|PRINGLEBAAI|HANGKLIP|BETTYSBAAI|KLEINMOND|ARABELLA



## 26 Desember

Op 26 Desember (hierdie jaar op 'n Dinsdag) word 'n Kersmaal by die gemeenskapsentrum in Proteadorp en in Overhills uitgedeel. Borde en poedingbakkies word teen R5 by eredienste en by die kerkkantoor verkoop. Die gedagte is dat ons dit vul met ons eie Kersmaal en dat dit eerste geskep word. Ons gee ons beste, nie ons oorskiet nie.

By die borde is die besonderhede van waar en wanneer die borde kos afgelewer word, sodat dit versprei kan word aan mense wat nie op Kersdag 'n spesiale maal kan bekostig nie.

Lidmate wat die dag wil help met die uitdeel van die kers-etes en wat hierdie besonderse atmosfeer wil beleef, kan hulle name by die kerkkantoor ingee.

Vir die heel kleintjies gee ons nie 'n bord kos nie, maar 'n koeldrank en pakkie lekkers. As iemand daarvan wil skenk, kan dit by die kerkkantoor afgegee word.



DEUROFFERS GEDURENDE DIE VAKANSIE

17 Desember - Diens van Barmhartigheid
24 Desember - Getuienisbediening
25 Desember - Bybelgenootskap
(Die ½ van alle kollektes)
7 Januarie - Gesinsbediening

Indien jy 'n finansiële bydrae wil maak tot ons gemeente se bedieninge, kan jy gerus die kerkkantoor skakel vir ons bankbesonderhede of met Snapscan 'n oorbetaling doen


DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA




Die Grasdiens by die Strandmeer op Kersdag word gesamentlik aangebied deur NG Gemeente Kogelberg, VGK Kleinmond, ChristGen, Shofar Kleinmond, Kleinmond Fellowship Church, God's Given Ministries,

# WAAR KAN JY ONS KRY?


Kliek sommer op die kaart wat jou na Google Maps toe sal vat




Ons **KERKGEBOU** is by Vierdelaan 67, Kleinmond, maar jy kan ook uit Derdelaan toegang tot die parkering kry.




Ons **GEMEENTESENTRUM** is op die hoek van Disasirkel & Pilansiaweg in Bettysbaai.




Ons **KUIERKERK** is by die Kerksaal by Eerstelaan 36, Kleinmond

Maak gerus 'n draai op ons webwerf by **www.ngkogelberg.co.za**
of gaan *like* ons **Facebookblad**
of *follow* ons op **Instagram**